

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**
**Sondag 16 September 2012**

| Oggenddiens 09:30 | | | Aanddiens 18:00 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** | **Lied** | **Bladsy** |
| 1. | Psalm 33:1 & 2 | **717** | Psalm 146:1 & 3 | **700** |
| 2. | Skrifberyming 9-4:1 & 3 | | Psalm 91:1 | **462** |
| 3. | Psalm 130:3 & 4 | **636** | Psalm 34:1 & 2 | **165** |
| 4. | Psalm 36:2 | **181** | | |



**SONDAG 16 September 2012**

- *19:00-20:00* in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Hebreërs***.

**WOENSDAG 19 September 2012**

- *10:00-11:00* in die konsistorie vir Bybelstudie uit ***Lukas***.

**BYBELSTUDIE GROEPE**


lie Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

**INTERDOPPERKAMP 2012**

Wanneer: 21-23 September 2012
Waar: Nooitgedacht Kampterrein
Wie: Studente en Jong werkendes
Kontak: Paul: 084 440 2199
Gerhard: 072 661 6433
Koste R250
Tema: Wees wie jy is...Vat wat jy kry Doen wat jy moet

**BOLANDRIVIERKAMP**

**8 – 12 Desember 2012**
Hierdie jaar doen ons die hele "amazing reis" ding.
Waar: Bridgetown Jeugkampterrein naby Moorreesburg
Koste: R430 (alles ingesluit behalwe vervoer)



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 7 Sondag 16 September 2012 Nommer 26

## FOUTVINDERIGE VITTERY

Mense kan in sy sonde so laag daal om selfs met God se optrede fout te vind. Dit is wat met Jesus gebeur het toe Hy na die begin van sy openbare optrede vir die eerste keer terugkom in Nasaret waar Hy as kind grootgeword het. Jesus het veel gely onder die skimpe, aanmerkings, kritiek en foutvindery van die inwoners van Nasaret.

### Jesus is gekritiseer

Toe Jesus in Nasaret kom het Hy "soos sy gewoonte was op die Sabbatdag na die sinagoge toe gegaan" (Luk. 4:16). Jesus se "intreepreek" was uit Jesaja 61. Toe kom daar twee reaksies: eers is die mense verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. Toe hulle daaraan dink dat Hy maar soos een van hulle is wat in Nasaret opgegroei en gewerk het, begin hulle foute soek. Hulle het soveel kritiek teen Hom dat hulle Hom uit Nasaret verdryf het en Hom wou doodmaak (Luk. 4:29). Selfs Jesus se familie het op 'n stadium gesê: "Hy het van sy kop af geraak" (Mark. 3:21) en die Jode het sommer reguit gesê: "Hy is mal!" (Joh. 10:20). Op 'n ander keer het die mense van Jesus gesê: "Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars" (Matt. 11:19). Van foutvinderige vittery sê Jesus: "Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?" (Matt. 7:3).

### 'n Slegte gewoonte

Die vitters, die foutsoekers sal altyd by ons wees om die lewe vir ander mense moeilik te maak. Ons vind hulle in elke lewenskring. Dit is die kleingeestige kritiek deel van die lewe. Dit versuur die verhouding tussen medemense en dit word so maklik 'n slegte gewoonte. Dan is dit so maklik om die gebreke by jou naaste uit te snuffel maar terselfdertyd troetel jy die sonde in eie boesem (Rom.2:1). Voordat jy ander kritiseer moet jy eers seker maak, dat jou feite reg is. Wanneer jy net 'n gedeelte van iemand weet of sien of nie die motiewe ken vir iemand se optrede nie, is jy in geen posisie om 'n oordeel uit te spreek nie.

### Die seuntjie en die sleutelgat

Ds. Den Boer vertel in 'n artikel van hom van 'n seuntjie wat deur die sleutelgat van 'n operasiekamer geloer het en 'n dokter gesien het wat op 'n pasiënt geopereer het. Toe sê

die seuntjie vir die dokter se seun: "Jou pa is 'n slegte man. Ek het gesien hoe hy mense aan stukke sny." (Vervolg op bladsy 7)



# PREKE VANDAG



***Ds. Andre de Jager***

Oggenddiens Tema: **DIE BELOFTE VAN LIG VIR ONS LEWE**

Lees: Joannes 8:12-30
Teks: Johanne 8:12

Teksvers: Johannes 8:12
Heidelbergse Kategismus Sondag 6

In Christus kan ons te midde van swaarkry vrede hê, en selfs in hartseer oor bly wees. In Hom kan ons teen ons sonde stry en die gevolge daarvan met verantwoordelikheid en krag dra.

In Christus kan ons omring deur duisternis in die Lig lewe. En die Lig skyn

Aanddiens Tema: **GOD IS IN BEHEER, SELFS IN SWAARKRY**
Lees: Genesis 37
Teks: Genesis 45:4-5

Teksvers: Genesis 45:4-5

Daar is so baie dinge wat kan gebeur, so baie dinge wat al gebeur het, baie tragedies wat ons self of mense na ons al moes deurleef. En vraag wat by soveel mense dan opkom is uiteindelik ..hoekom?



- Sommige mense is deur ander beskuldig van *vrekkerigheid* terwyl hulle in die geheim 'n ou moeder of 'n gebreklike broer tuis moes onderhou en versorg.
- Iemand anders is weer van *luiheid* beskuldig terwyl hy in werklikheid gebuk gaan onder besondere liggaamlike tekortkominge.

Dit sal goed wees as jy jou eie motiewe eers goed onder die vergrootglas plaas. Waarom probeer jy om die balk by die ander op te merk.

## Die oorsaak van foutvinderige vittery

Daar is redes waarom mense foutvinderige vitters word.

1. Iemand wat op 'n bepaalde punt sy eie *minderwaardigheid* vir homself (bewus of onbewus) moet erken sal fout vind wat die ander wél het. Hy voel hom bedreig en daarom moet hy 'n ander verneder om te "bewys" dat hy op hierdie punt jou meerdere is. Vittery word 'n soort verdedigingsmeganisme – heel dikwels onbewus.
2. Jy kan 'n ander ook kritiseer en by hom foutvind omdat jy *jaloers* is. Dit is 'n vorm van vyandskap teenoor iemand van wie jy nie hou nie – of iemand wat jou op jou tone getrap het. 'n Mens vorder nie op die lewensweg deur op ander te trap nie. 'n Mens sal in die lewe van iemand anders dit vind waarna jy opsoek is, watter metode jy ook al toepas. As jy iets goeds wil soek sal jy dit kry en as jy iets sleg soek sal jy dit ook kry al is dit net by wyse van suggestie.
3. As 'n meisie verlief is op 'n jongman is haar oë gesluit vir sy foute. Waar die liefde ontbreek is dit baie maklik om fout te vind by iemand anders.

Hoeveel foutvinderige vitters sit Sondae in die erediens en verklaar: die musiek was irriterend; die preek was te lank; die Skriflesing was nie van toepassing nie; die mense met klein kindertjies het jou erg gesteur; die gemeentesang was pateties.

### Die geheim

Wat is die geheim? Die geheim is dat daar 'n balk in jou eie oog was en jy nie goed kon sien nie. 'n Noukeurige ondersoek sal bewys, dat die liefde in jou ontbreek. Jy het jou medemens nie lief genoeg om iets goeds van hulle te sê nie of in hom te sien nie. Om agter iemand se rug te praat verbeter nie jou saak nie. Wanneer die vlam van die liefde al laer brand word die vuur van die kritiek al groter (Lev. 19:18; Matt. 22:39; Gal. 5:14).

Jy vind jy is 'n foutvinderige vitter namate jy wegdryf van Jesus Christus af. Dan begin jy die foute in ander se lewe sien en beterweterig daaroor praat. Wanneer jy digby God leef en met sy liefde vervul is, dan dek die liefde 'n menigte tekortkominge en gebreke. Dan wil jy in die liefde jou naaste help om sy tekortkominge en gebreke te oorkom.

*Dr.Nico van der Merwe*



## Oom Peet van der Walt skryf:

### Vry, verlos van die wêreld, sodat jy aan God mag behoort.

- Is jy werklik verlos? Vry van al jou sonde? Het jy al ervaar dat jy vrygemaak is van al jou sonde? Het daar al dinge met jou gebeur, dat dit jou die sekerheid gegee het, dat jy in God se hande is, en deur Hom bewaar word? Het jy al nagedink oor die verloop van jou lewe, tot waar jy nou is, dat dit God is wat jou deur sy Heilige Gees lei en bewaar in jou geloof in God Drieënig?

- Ons is almal sondaars voor God. Sy Woord sê, daar is nie een wat goed is nie. Wat was die antwoord op die ryk jong man wat vir Jesus gesê het, “Goeie Meester, wat moet ek doen om gered te word?”

- Daar was iets wat die jong man gepla het. Hy was bekommerd. Al wou hy homself maar net laat hoor. Dat hy gehoorsaam leef. Maar hy wou nog graag iets meer doen, om seker te maak dat hy die ewige lewe sal beërwe. Daarom was daar by hom die gedagte van werkheiligheid.

- Het jy al vertel wat God vir jou gedoen het? Of is jy soos ‘n DVD wat jy opsit om na iets te luister, maar daar kom niks, jy hoor niks omdat dit leeg is. Die jongman het gevoel hy wil darem nog iets doen om die ewige lewe te verdien. Hy was nog onbewus daarvan dat hy dit gratis kry as hy God gehoorsaam dien en liefhet.

- Die offer wat Jesus gevra het, was vir hom te groot. So kan jy jouself toets, of jy jouself eerlik, opreg, getrou in God se hande geplaas het en, of jy besig is om jouself te bluf. Ons skrik as ons hoor ons moet alles gee, onsself gee, as ‘n lewende, God-welgevallige offer. ‘n Offer wat vir sigself getuig, soos ‘n motorkar as dit gesien word, deur wie ookal. Dan weet jy dis ‘n voertuig waarmee jy kan beweeg. Net so moet jou lewe as gelowige kind van God getuig: “Ek is ‘n draer van die blye evangelie van my Verlosser, Jesus Christus.”

- God vra nie vir jou brood nie. Hy gee aan jou brood, sodat jy aan die kan gee wat nie het nie.



## LIEF EN LEED



- ***Wilna van der Merwe*** het Dinsdag 11 September 2012gister ‘n lens oorplanting in haar een oog gekry. Die ander oog word DV volgende week gedoen.Sy het 'n ligte beroerte gehad tydens die oogoperasie. Mag die operasies suksesvol afgehandel word en jou sig aansienlik verbeter. **(Wyk 15 ☏ – 018-468-2615)**
- Ons innige meegevoel word aan ***Willem Scheepers*** betuig wie se suster Dinsdag 11 September 2012 oorlede is. **(Wyk 23 ☏ – 018-477-1883)**
- ***Anna Jansen*** se suster se dogter is oorlede. Mag julle as gesinne en familie die troos van God die Heilige Gees ervaar
**(Wyk 5 ☏ – 018-468-6175)**



## BORG-'N-BYBEL

Ons kan nou met groot dankbaarheid teenoor die Here soos volg rapporteer: Tot op datum is genoeg ingesamel vir **240** Bybels. As elke belydende lidmaat 'n Bybel sou borg, praat ons van **316** Bybels. Ons is dus nog **76** kort om ons aanvanklike mikpunt te bereik. Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het.
Ons projek sluit op 28 Oktober 2012 met 'n muntlegging af. Ons vertrou dat dit ook 'n groot bydrae van ons totaal sal uitmaak.

## KERSPROGRAM - 2012

Almal wat belangstel om koor te sing in die Kersprogram van 2012, moet asb. Sondagmiddag 16 September om 16h30 by die Gereformeerde Kerk Klerksdorp in Smitstraat bymekaarkom.

**55 PLUSSERS**

Die afsluitingsfunksie van die 55 P
September geskeduleer is, **verskui**
later bekend gemaak word.

***PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK*** *Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk Skakel Corrie Botha 083 429 4824*



| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 16 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 23 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 30 September | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 16 September tot Saterdag 22 September 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 16 September | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 16 September | Katkisasie Les 21 | 10:30-11:15 |
| Sondag 16 September | Aanddiens | 18:00-19:00 |
| Sondag 16 September | Bybelstudie Konsistorie | 19:00-20:00 |
| Woensdag 19 September | Bybelstudie Konsistorie | 10:00-11:00 |

**TEESKINKBEURTE**

| | |
|---|---|
| Sondag 16 September 2012 | Wyk 06 & Wyk 07 |
| Sondag 23 September 2012 | Wyk 08 & Wyk 09 |
| Sondag 30 September 2012 | Wyk 10 & Wyk 11 |


## VERJAARDAE

16 September 2012 tot 22 September 2012

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17 Sept | **Gerty Kruger** | *Wyk 16* | **018-468-3527** |
| 19 Sept | **Arenda Putter** | *Wyk 21* | **083-396-4253** |
| 19 Sept | **Sina Viljoen** | *Wyk 25* | **018-468-8659** |
| 22 Sept | **Kota Cloete** | *Wyk 03* | **072-573-4242** |
| 22 Sept | **Hannie Cornelius** | *Wyk 22* | **018-468-6803** |
| 22 Sept | **Cathy Smit** | *Wyk 19* | **018-468-4392** |

Die gemeente wens al die lidmate wat hierdie week verjaar 'n voorspoedige en geseënde nuwe lewensjaar toe. Mag die Here julle in sy hand hou.











***PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK***
*Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk*
*Skakel Corrie Botha 083 429 4824*



## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

**BEROEPE ONTVANG**

Ds JA Berg van Vaalwater na Jeffreysbaai.
Ds PJ Grové van Wapadrant na Sanveld.
Proponent SJB Lee na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
Ds MG Mdluli van Sharpeville/Sebokeng/Zamdela-kombinasie na Diepkloof.
Ds KP Steyn van Empangeni na Potchefstroom-Oos as medeleraar.
Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Newcastle.

**BEROEPE AANVAAR**

Ds MG Mdluli van Sharpeville/Sebokeng/Zamdela-kombinasie na Diepkloof.
Proponent GJJ van der Merwe na Durban-Noord.

**BEROEPE BEDANK**

Proponent GJJ van der Merwe na Buffeldoorns.
Proponent GJJ van der Merwe na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
Proponent GJJ van der Merwe na Vryburg.
Proponent GJJ van der Merwe na Zeerust.

## SAKE VIR DIE SUSTERS

**KOEKSISTERSBAK**

Die susters bak Woensdag, 26 September 2012 8:00 – 13:00 koeksisters.
Benodig:
Hulp – susters wat kan vleg (Begin 8:00)
bak/weeg & pak (Begin 9:00) Lys by orrel en voorportaal
Bestanddele – Meel/ suiker/olie – BAIE DANKIE – plaas in kombuis
Betaling met bestelling
By Kotie/Bets voor/op Sondag, 23 September 2012
R20 vir 500g pak

**SUSTERSVERGADERING**

Volgende Sustersvergadering: Woensdag, 10 Oktober 2012 by Sophia op die plaas. Ons kom reeds 17:15 by kerk bymekaar.
Alle susters word uitgenooi om ons volgende vergadering by te woon. Ons gaan na 'n plant deskundige luister wat ook 'n demonstrasie sal doen.
Tydens ons Sustervergadering van Woensdag, 5 September het Mara van der Colff van Stilfontein demonstreer wat om met al ons afval produkte te doen. Baie interessant. Geen leë bottel of houer sal ooit weer dieselfde wees nie.